DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN DIE GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie. *Johannes 15:5*

15 Maart 2020

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. CCA Vrey**	**Aand**	**Ds. CCA Vrey**
Sangoefening	Ps. 43: 1, 3		
	Ps. 39: 1, 2, 5		
	Ps. 50: 1, 7		
Sing vooraf	Ps. 41: 1, 3	Sing vooraf	Ps. 41: 4, 5
Sing	Ps. 92: 1 - 3	Sing	Ps. 118: 1, 2
	Ps. 2: 6		Ps. 99: 1, 4, 5
	Ps. 46: 1, 6		Ps. 134: 1 - 4
	Ps. 35: 1, 4		
Skriflesing	Handelinge 7:51 - 8:3	Skriflesing	1 Timoteus 3:1-7 1 Tessalonisense 5:12-13 1 Petrus 5:1-4 NGB, Artikel 30
Teks	Handelinge 7:59-60	Teks	1 Timoteus 3:1 1 Petrus 5:2-3
Tema	**Almal wat godvrugtig lewe, sal vervolg word**	Tema	**Die regering van die kerk (1) - die ouderlinge**
Katkisasie-opening: Psalm 23:1			

2. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

BYBELSTUDIE
Dames: Maandag om 19:30 (Kontakpersoon: sr. Emzy Venter)
Konsistorie: Dinsdag om 09:30 en 19:00 (Kontakpersoon: ds. Coen Vrey)
Dames: Woensdag om 09:30 (Kontakpersoon: sr. Sanet van Hoving)

GEMEENTEKAMP VRAELYS
Daar is 'n vraelys oor gemeentekampe by die deure beskikbaar. Ons doen 'n vriendelike, maar dringende, beroep op alle lidmate om asseblief die anonieme vraelys te voltooi en in die houers by die deure te plaas. U kan ook die vraelys elektronies voltooi – kontak asseblief u wyksuster indien u nog nie die skakel ontvang het nie.

HUISBESOEK
Wyk **Blouberg** (oudl. Ferdinand Hoffman) ontvang hierdie week huisbesoek deur ons leraar.

KATKISASIE
Katkisasie klasse sluit vanoggend vir die skoolvakansie en heropen DV Sondag 5 April.

KIERIEKLUB
Die Kierieklub beplan 'n uitstappie na **Paarlberg (Meulwater piekniekplek)** op DV **Saterdag 21 Maart**. Dit is gratis en almal is hartlik welkom. Die Kierieklub-uitstappies is bedoel om gesellige geleenthede te wees waar almal, jonk en oud, kan deelneem. Die staproetes word uitgesoek sodat almal wat nog redelik fiks is dit kan aanpak en daar word nie gejaag nie. Diegene wat nie kan of wil stap nie, beset die piekniekplek en verkeer gesellig totdat die stappers terugkeer en die piekniek in alle erns kan begin. Meer inligting, asook 'n lys vir deelname, is op die aansteekbord in die teedrinklokaal. Kontakpersoon: br. Willem de Haan

KOOR
Die koor oefen vanmiddag om 16:45 in die kerkgebou. Almal is hartlik welkom om saam te sing!
Kontakpersoon: sr. Etresia Hendricks

MEELEWING
Mag die Here almal wat beproewing of siekte deurgaan ryklik vertroos en seën.

Sr. Nicolette van der Walt se suster is die afgelope week oorlede. Mag die Here haar en br. Peet ryklik vertroos.

MY INKLEUR EN LEER PSALMBOEK


Hierdie inkleurboek wat kinders help om die berymde psalms aan te leer kan nou bestel word. Die koste beloop R50 elk en daar is 'n kopie in die kerkkantoor beskikbaar vir u insae. Voltooi asseblief die lys op die aansteekbord in die teedrinklokaal of kontak sr. Willina Cilliers (082 738 1809) indien u graag 'n bestelling wil plaas. Betaling kan per EFT (INKLEUR+naam) gedoen word of plaas die kontant in 'n gemerkte koevert in die Kassiere-kissie.

OMGEWINGSPITKOS
Die wind. Wat 'n bekende en tog geheimsinnige en onverstaanbare iets. Die wind waai waar hy wil en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie (Joh 3:8). Juis daarom gebruik die Skrif wind as beeld van die Heilige Gees in sy wederbarende werking. Wind sal altyd 'n wonder bly in sy vrymag van menslike beïnvloeding en verskeidenheid van werking te midde van sy invloed op klimaatsverandering. Ons ervaar reeds meer verwoestende werwelstorms terwyl huilende droogtewinde en singende treurwinde die nood van sugtende skepsels verder verskroei. Mag die sagte aandwindjie as Totius se 'pelgrimskind' ons ook laat wonder wie klop terwyl ons wag op minder wordende vogbelaaide reënwinde.

SENIORS

Die Seniors het eerskomende Dinsdag 'n uitstappie na *42 on Sonnebloem*. Inskrywings vir die geleentheid het reeds gesluit. Kontakpersone: srs. Rea Costerus en Geertje Groenewald

VEELSYDIGE FLESSIES

Die Sustersbestuur nooi elke gemeentelid en kind om minstens 1 flessie met iets vindingryks in te vul! Maak 'n skoon, gebruikte glas- of plastiek-toeskroeffles met 'n inhoudsmaat van tussen 150-500 ml vol met bv. lekkers, koekies, kuns-, naaldwerk-, handwerkitems ... Die moontlikhede t.o.v. die inhoud is legio! Versier dan die flessie, hoewel die inhoud steeds sigbaar moet wees. U kan die flessies nou al na die kerkkantoor bring. Sodra genoeg voorraad ontvang is, sal die flessies vir tussen R10-R50 te koop aangebied word. Die fondse gaan na die Susterskas, en sal vir donasies aangewend word. Baie dankie vir u kreatiewe deelname!

Kontakpersone: srs. Willina Cilliers (082 738 1809) en Judy Venter (083 421 9302)

3. SUSTERS

TEESKINKBEURTE

Vandag: srs. **Annemie van Dyk,** Marilie Snyman, Dienie Steyn, Ilze Steyn, Marita Steyn, Rika Steyn, René Streicher, Alta Swanepoel

Volgende Sondag en 29/03 - Skoolvakansie: *Geen tee/koffie*

4. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens

Vandag: brs. Tommie Venter, André Kruger, Ludwig Venter, **Johan van Staden**
Volgende week: brs. Chris de Waal, Jaco Coetsee, Marius Douglas, Riaan Janse van Rensburg
29/03: brs. David Myburgh, Martin van der Walt, Koos Myburgh, Marten Daling

Ouderlinge

Vandag: brs. Jaco Cilliers, Elzar Wendt, Johan Snyman, Ben Costerus
Volgende week: brs. Ruhan Coetzee, Herman Boneschans, Llen Labuscagne, Piet Briel
29/03: brs. Harm du Plessis, Cassie Bester, Gustaaf Costerus

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

Maart: 16/03 Blouberg, 30/03 Brackenfell 1
April: 06/04 Brackenfell 2, 20/04 Welgelegen 1
Mei: 04/05 Helderberg, 18/05 Goodwood

KOLLEKTE	**Onder die erediens:**	**By die deure:**
Vandag:	Alta du Toit Nasorg	Bolandse Bedieningsfonds
Volgende Sondag:	Diakonale Kas	GKSA Sustentasiefonds
29/03:	Ouetehuise in kerkverband	Instandhouding van eiendomme

SnapScan

VERLOF

- Sr. Willina Cilliers is vanaf Woensdag 18 Maart tot Dinsdag 31 Maart met verlof. Sr. Delène Vrey sal as Administratiewe Beampte instaan gedurende hierdie periode.
- Br. Piet Reyneke is tot 29 Maart met verlof. Sr. Margo Nijeboer neem waar as Koster.

5. VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat hierdie week en gedurende die skoolvakansie verjaar. 'n Geseënde nuwe lewensjaar word u toegebid.

16/03	Sanri van Hoving (4 jaar)
18/03	sr. Veronica Reyneke br. Paul Swart br. Gerhardus Wendt
19/03	br. Hendrik Kruger br. Lawrence Lombard
22/03	Mienke van Niekerk (9 jaar)
23/03	sr. Nicolette Loots
24/03	sr. Judy Löttering
25/03	sr. Jorita Boneschans
26/03	De Wet Douglas (1 jaar) sr. Liana van der Walt
28/03	br. Attie Juyn

Aan God is dit te danke dat julle met Christus Jesus verenig is. Hy het vir ons geword die wysheid wat van God kom: die vryspraak, die heiliging en die verlossing. *1 Korintiërs 1:30*

6. KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Bellville		
Broadway 6, Bellville, 7530		Posbus 5009, Bellville, 7535
E-pos: gkbellville@mwebbiz.co.za		Tel: 021 945 1515
Kerkkantoor: Dinsdae 09h00 - 12h30		
Predikant	Ds. Coen Vrey	082 808 4432
Skriba	Oudl. André Costerus skriba.gkbellville@gmail.com	081 795 1899
Admin Beampte	Sr. Willina Cilliers	082 738 1809
Orrelis	Sr. Etresia Hendricks	084 472 4648
Kassiere	Sr. Yolandi Taljaard kassier.gkbellville@gmail.com	082 555 3380
Gereformeerde Kerk Bellville, ABSA, Santyger, Takkode 632 005 Tjek rek 340 340 205		
Taalversorging van preke	Sr. Geert van Jaarsveld	
Vertaler	Br. Willem de Haan	
Webmeester	Br. Ben van der Walt	021 903 1505
Regstreekse erediens uitsending	http://kerkdienstgemist.nl/assets/462806	
www.gkbellville.org	https://www.facebook.com/gk.bellville	

Die volgende uitgawe van Die Loot verskyn DV Sondag 29 Maart 2020

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen Donderdag 26 Maart om 08:00 per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za